VOORSITTER VERSLAG: PALS JAARVERGADERING 22 SEPTEMBER 2020

Ladies and Gentlemen / Dames en Here

It is my privilege to present the Chairperson's report to you. In my speech at the PALS Symposium last year, I used the theme "It is time"/ "Dit is tyd".

Vandag wil ek my verslag begin met dieselfde tema naamlik "Dit is tyd".

Dit is tyd om leiding te neem.

Dit is tyd om verantwoordelikheid te aanvaar.

Dit is tyd om waarde toe te voeg, die ekonomie te herbou, werk te skep en saam te werk vir sosiale harmonie.

It is time to stop the fragmentation of different organisations and government departments working in silos.

It is time to grow together.

It is time for PALS to extend the initiative to all regions of South Africa.

1. INLEIDING – 5 JAAR

It is an honour to present this PALS report on the fifth annual meeting of members. It is 5 years since the formal establishment of PALS as non-profit company and public benefit organisation.

PALS se vorige voorsitters naamlik Pieter du Toit en Raymond Koopstad het die organisasie met onderskeiding gelei. Ek het dus groot skoene om vol te staan.

5 Jaar is 'n relatiewe kort tydperk. In hierdie periode het die PALS inisiatief bewys dat grondhervorming en landbouontwikkeling gedoen kan word op 'n wyse wat ekonomiese groei, werkskepping en sosiale harmonie bevorder.

PALS initially listed far more than 100 new enterprises for implementation, but delays with certain government enablers, prevented the implementation of many of these new development enterprises.

Die groot prentjie instaatstellers sluit die volgende "enablers" in:

1) Erkenning aan produsente;
2) Elektrisiteit en infrastruktuur;
3) Waterpermitte vir surplus water;
4) Belastingtoegewings;
5) Onderverdelings; en
6) Bekostigbare finansiering.

Ten spyte van vertraging en tydige dienslewering met die verskaffing van hierdie instaatstellers, het PALS steeds voortgegaan om talle nuwe volhoubare landboubesighede te implementeer. PALS koördineer tans ongeveer 35 landboubesighede met meerderheid of wesenlike swart aandeelhouding.

The bottom-up approach and hard work to ensure implementation in line with our PALS goals ensured many practical successes. Now it is time for speeding up the PALS momentum. Every member and agri business in Witzenberg must be involved in PALS enterprises to ensure that we continue to make progress towards the stated goals of PALS and the NDP. It is vital that all our members and agri businesses continue to list and implement new PALS enterprises to achieve tangible results and prove to government and the society that the PALS initiative is the better alternative. We cannot rest on our laurels and must continue on the road of inclusive economic growth and better social cohesion.

It is time for every district and region to launch the PALS initiative in the different areas of South Africa. It is a most desperate time. It is a time to focus on economic growth, job creation and food security. It is a time to focus on relationships, improve the safety of our communities and improve social cohesion. This important work cannot be left to government or politicians. It is time to use the tried and tested PALS example and framework to make a difference and turn this country away from the abyss.

2. SKAKELINGS

In die laaste jaar het PALS voortgegaan om met die regering en regeringsdepartemente op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak te skakel. Voorleggings aan regeringsinstansies, landbouorganisasies, finansiële instansies en ander rolspelers is op 'n deurlopende basis gedoen.

Die entiteite sluit in: die Presidensie, Adjunk-President se kantoor, Minister Thoko Didiza, Departemente van Water, Landbou, Tesourie, Handel en Nywerheid en talle ander organisasies soos Hortgro, Hortfin, banke, finansiële instansies, Casidra, opleidingsinstansies, die media en besoekers. Met alle rolspelers en belangegroepe is deurlopend geskakel.

Ondersteuning is verleen aan aandeelhouers en direkteure van PALS besighede. Boere van verskillende streke en areas soos die Oos-Vrystaat, Noordwes, Mpumalanga, Noord-Kaap en Oos-Kaap is ook van inligting en raad voorsien.

Formele voorleggings is deur die PALS span by verskeie geleenthede aangebied om die PALS konsep wat in lyn is met die Grondwet en Nasionale Ontwikkelingsplan ook aan ander areas en organisasies, oor te dra.

So het AgDA of die Agricultural Development Association ook die PALS voorbeeld van NPC en raad van direkteure gevolg.

Daar is ook onlangs met Eskom se Mnr Andre De Ruyter geskakel oor die opgradering van die toevoerlyn en die feit dat groot beleggings tans verhoed word weens onvoldoende krag. U word dus versoek om u elektrisiteitsbehoeftes en geraamde waarde van beleggings wat verhoed word, aan die PALS kantoor of Gerrit van Vuuren te verskaf.

FNB en Land Bank is korporatiewe lede van PALS en hul bydraes, hulp en raad met finansiering van projekte is uiters waardevol.

Die AECI befonds ons opleidingsprogramme wat van onskatbare waarde is in menslike ontwikkeling.

Hortgro en Hortfin speel ook 'n groot rol met raad en finansiering van PALS besighede.

The Department of Agriculture (Western Cape) is another vital strategic and supporting partner to the PALS initiative.

3. PALS SIMPOSIUM

Die PALS Landbouweekblad Simposium op 14 en 15 November 2019 by Kaleo is deur ongeveer 500 persone van verskillende areas van die land bygewoon.

Met hierdie geleentheid is gefokus op die praktiese ervaring en positiewe voorbeelde wat PALS oor die afgelope 5 jaar, staan gemaak het. Vir een keer het die land en die media hul aandag gegee aan goeie stories. Die PALS Simposium was 'n praktiese getuigskrif vir die feit dat as landbouers, deskundiges en ander rolspelers in vennootskap saamwerk, enige uitdaging oorkom kan word.

Die bywoning van Minister Didiza en talle Direkteur-Generaals het verdere geleenthede geskep vir positiewe samewerking tussen PALS en regeringsdepartemente.

4. MEDIADEKKING

PALS het mediadekking ontvang op televisiereekse soos Landbouweekliks en Boer maak 'n Plan en danksy die Simposium se nuusdekking op televisie asook dekking in ander elektroniese en gepubliseerde media, het 'n groter gehoor kennis geneem van die werk wat PALS doen.

Dit bly egter 'n uitdaging om ook die PALS boodskap uit te dra in alle tale en gemeenskappe en word daar tans aan 'n gepaste strategie hiervoor gewerk.

5. PALS BESIGHEDE

Behalwe die implementering van nuwe PALS besighede met grondoordragte en titelaktes, het verdere implementering ook geskied ten opsigte van ontwikkeling van nuwe boorde en infrastruktuur.

Miljoene rande se boord- en ander ontwikkelings word deurlopend gedoen met gepaardgaande ekonomiese groei.

Kaja Boerdery is formeel oorgedra met meer as 10 hektaar se steenvrugte wat reeds geplant is. Bykans 300 hektaar se vrugteboord, sitrusboord, tafeldruiwe, groentegrond en ander ontwikkelings is in proses of reeds gedoen op La Vouere, Stukkiewit, Eyethu Intaba, Dasberg, Bambisane, Bestwill, VDM Mpho, Morceaux, Kliprivier, Thembelitsha, Dwarsberg en ander plase.

Volgens industrie norme is daardeur reeds 480 direkte werksgeleenthede geskep.

Several thousand jobs were also created in upstream and downstream value chains as result of developments in PALS enterprises. This is another testimony to the value of the PALS initiative for inclusive growth and job creation.

Tans is Ceres Tierberg in die Koue Bokkeveld, Rockbelt Ridge in Robertson, Bakenskloof in Greyton en verskeie projekte in die Noord-Kaap en Breërivier ook in die motiveringsfase en word beplan om dit binne die volgende 6 maande te implementeer.

Die oprigting van die Oos-Vrystaat PALS sentrum is ook in proses onder leiding van hul loodskomitee en 'n formele stigtingsvergadering word vir vroeg in 2021 beplan.

6. OPLEIDING

Deurlopende ondersteuning en opleiding aan aandeelhouers en direkteure word via die PALS kantoor en strategiese adviseurs gelewer. Formele opleiding is ook in die 4 verskillende modules deur die PALS kantoor en gekontrakteerde diensverskaffers

aangebied het al meer as 350 persone die voordeel van opleiding ontvang. Die gemeenskapsprojekte onder die jeug en by kerke en skole inspireer ook die groter gemeenskap en gee aan talle nuwe hoop dat met hard studeer en werk, geleenthede ontsluit kan word.

Die 4 opleidingsmodules is:

- Direkteure en Aandeelhouers
- New Venture Creation
- Leierskapopleiding
- Mentorskap en Kapasiteitsbou op die verskillende plase waar projekte geïmplementeer is.

Thanks to the financial support of AECI we can continue to provide the crucial training to shareholders and beneficiaries of PALS enterprises.

7. PALS KANTOOR

Ten spyte van groot druk met die reëlings van die Simposium in November 2019 en daarna die Covid pandemie, kon die kantoor steeds al sy werksaamhede behartig. Ledegeld word aangewend om PALS lede se gesamentlike belange te bevorder en die doelwitte prakties gestalte te gee. Goeie ondersteuning kon steeds via die PALS sentrum aan begunstigdes, lede, besoekers en staatsdepartemente en ander rolspelers verleen word.

Hulp is verleen aan instansies en verskeie skenkings van klere, kos en ander goedere is ook deur PALS lede aan verdienstelike persone/instansies in die gemeenskap, gemaak.

Ons beplan ook 'n projek om groentetuine vir die gemeenskap en huishoudings te help vestig.

Agt direksievergaderings is gehou waarvan die laaste vier per Zoom skakeling geskied het.

Dit was met groot hartseer dat ons oom Tommy Mona wat oorlede is op 4 Maart 2020, as direkteur en gemeenskapsleier verloor het.

Ek wil hiermee my dank uitspreek aan my voorgangers en mede-direksielede vir hul waardevolle insette en raad.

Lennox Plaatjies, ons vorige CEO help steeds met opleiding- en strategiese advies al is hy nou direkteur van 'n uitvoermaatskappy en aandeelhouer/direkteur by 'n PALS boerdery.

Fezeka Majiki en Janine van Rooy wat voorheen as kantoorbestuurder en openbare skakelbeampte in die PALS kantoor gewerk het, het ander poste aanvaar by die Nelson Mandela Universiteit en as Gemeenskapsontwikkelingsbeampte by Crispy Farming.

Tans word die kantoor beman deur Yongama Femele, Charllite Philander en Angelique le Roux. Reinette van Staden lewer die maatskappy sektretariële dienste en advies. Kapasiteit word tans geskep om die data en informasie tegnologie te bestuur. Adri Fourie help steeds met die administrasie van lede en inligting, terwyl Gerrit van Vuuren as Regs- en Strategiese Adviseur optree.

8. SLOT

Die hernude besef van landbou se belang as sektor tydens die Covid krisis en die noodsaaklikheid vir inklusiewe ekonomiese groei, maak PALS se rol in die toekoms nog meer belangrik.

Our farmers and members donated huge amounts of produce to feed the nation during the Covid period. We thank you all for your contributions.

Die President se mededeling aan die parlement en nasie op 18 Junie 2020 dat die PALS inisiatief die ideale voorbeeld is vir inklusiewe ekonomiese groei, bevestig PALS se status as leier op die gebied van grondhervorming en landbouontwikkeling.

Hopelik kan ons in die volgende 5 jaar die PALS sentrum as nasionale kantoor vestig, vanwaar ander streke en areas gehelp kan word om hul eie PALS inisiatiewe prakties te implementeer.

Vir ons toekoms is dit belangrik om voort te gaan om die PALS raamwerk se praktiese inklusiewe landbouontwikkelings en grondhervormingspraktyk, verder uit te bou.

Ek nooi u uit om elkeen in u eie kring 'n verskil te maak en nie te wag vir ander nie. Ons moet hande vat met ons kerke, skole, gemeenskappe en ander rolspelers en nie toelaat dat negatiewe aktiviste dit wat ons saam kan opbou, probeer afbreek nie.

Dit is tyd vir regdenkende positiewe Suid-Afrikaners om die leiding te neem.

Dit is tyd vir die land om die PALS wenresep as bloudruk vir elke area te aanvaar.

It is time to act

Ek dank u.